## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Diens: 9:00 en 18:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30

Reformasie 500
Soli Deo Gloria

**KOLLEKTES**

Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**DIENSBEURTE**: Ouderlinge: — Alethea : Jan Reesink

Diaken: Janes van Rooy

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Albie Venter albieventer@absamail.co.za 083 631 6638

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** **www.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: **kerkdienstgemist** se web-blad het nou 'n Toepassing (App) vir Slimfone. U kan nou inluister sonder 'n rekenaar - sommer met u slimfoon of tablet

**FACEBOOK**: Gereformeerde Kerk Centurion (gaan 'like' ons)

**RATELGROEP**: Vir pa-ma-en-baba: Besoek gerus die 'Ratelgroep ' op facebook

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Kontak Marlou 0824124313/fillistyn2@gmail.com of
Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion<br>Bank: ABSA Lyttelton<br>Rek no: 600 340 409 | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion<br>Bank: ABSA Lyttelton<br>Rek no: 600 280 589 | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters<br>Bank: ABSA Lyttelton<br>Rek no: 600 340 417 |

## *KONTAKBESONDERHEDE*

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

Telefoon: 012 664 2614
Faks: 012 664 0004

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Ds Maarten van Helden: 012 664 1384/ 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595
Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055

***Lidmate se kontakbesonderhede***: Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: **gereformeerdekerkcenturion@gmail.com**




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 42 Nr 36 1 Oktober 2017**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 9:00

### Jesus Christus is die kruispad in elke mens se lewe
### *By die kruispad vra na die beste pad en loop die pad van Jesus Christus*

**Skriflesing:** Jer 6:1-30

**Teksvers:** Jer 6:16,17

**Sing**:
Ps 111-2:1-4
Sb 12-3:1-4
Ps 119-1:1:10
Lied 292:1,2
Ps 34-1:1,4
Sb 13-3

**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Projektor**: Nicolai vd Merwe
**Klank**: Andre Beumer
**Prediker**: Gerrit Kruger

**Jer 6:16,17**

"*So sê die Here: Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind. Maar hulle het gesê: "Ons sal nie daardie pad loop nie." 17). Toe het Ek wagte oor julle aangestel en gesê: Luister na die ramshoring! Maar hulle het geantwoord: "Ons sal nie luister nie."*

1. Daar is 'n kruispad in elke mense se lewe.
2. Daar is 'n kruispad waar jy 'n keuse moet maak.
3. Daar is 'n ramshoring wat jou op die regte pad roep.

## S O N D A G A A N D 18:00

### Jy mag nie moord pleeg of doodslaan nie!

**Skriflesing:** 1 Joh 2:28-3:18

**Teksvers:** 1 Joh 3:11-17; Joh 8:44

**Sing**:
Lied 184:1-4
Ps 139-1:1,2
Lied 188:1,3
Sb 13-1

**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Projektor**: Jaco Wattel
**Klank**: Charl vd Bergh
**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

'53 vertaling Ex 20:13 "*Jy mag nie doodslaan nie.*"
'83 vertaling Ex 20:13 "*Jy mag nie moord pleeg nie.*"
NKJV vertaling Ex 20:13 "*Thou shalt not kill.*"
Die Hebreeuse Woord vir doodmaak is, " râtsach - ratsag"
'n Beter vertaling met die betekenis sou gewees het"

"Jy mag nie wederregtelik doodmaak nie." *(Lettinga, 1986:191-193)*

Doodmaak met voorbedagte rade (Num 35:16-21) sowel as om onopsetlik dood te maak, (Num 35:11,22-28), is sondig. Maar moord het 'n baie wyer betekenis as net om fisies iemand dood te maak of fisies skade te berokken. Daarom gaan ons na die volgende drie hoofpunte kyk:

1. Wat moord of doodslag beteken!
2. Wat moord en doodslag verbied!
3. Wat moord en doodslag gebied!

# Ons gee om vir Mekaar



*"U is ons vader, Here ..." Jes 64:8*

- Hein Venter het 'n nekoperasie ondergaan te ZA hospitaal (C6—667 4262).
- Braam Aucamp sterk aan in Unitas hosp na 'n heupoperasie (A2—072 318 3825).
- Anna-Marie van Staden sterk aan in Unitas hosp met bloedklont in beide longe (A15—654 1851).
- Laetitia Jonker sterk aan na sy 'n stent ontvang het (A10—073 143 8967.
- Dit gaan nie goed met Rika vd Heever se gesondheid nie (B14—083 447 8068).

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra en ons vertrou dat hulle gesondheid vinnig sal verbeter***

# Hospitaalbesoeke

Lidmate word versoek om asb u ouderling, ds, of die kantoor in kennis te stel wanneer u opgeneem gaan word in die hospitaal. Die hospitaallyste dui nie meer die kerkverband of gemeente aan nie. Ons weet dus nie of u in die hospitaal is, as u ons nie laat weet nie.

# Meeleweing

Meelewing word betuig met familie en vriende van wyle Gerda Dalhuysen wat gedurende die week oorlede is. Troosdiens is more, 2 Okt om 11:00 te GK Centurion Kerksaal. Mag die Here u troos in hierdie moeilike tyd.

# Geluk met die doop vanoggend:

♥ Emily —dogter van Wynandt en Heila van Wyk.
♥ Heinrich—seun van Jaco en Luzaan van Heerden.
♥ Tinerie—dogter van Marthinus en Sylvia Krynauw

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige **tuine en lae heffings.**

**Daar is geen versorgings fasiliteite nie—**Bepalings geld op 80-plussers

**Die eenheid wat beskikbaar is bestaande uit** :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die rigprys is R445 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar. Die eenheid word opgegradeer en is beskikbaar vir okkupasie vanaf 1 November 2017. **Navrae:** Lena Malan (op terrein) 083 457 7294 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 2 Oktober 2017**



## *UIT DIEP VAN DONKER NAGTE*

Oktobermaand roep telkens in herinnering daardie tydperk in die geskiedenis van die kerk toe God vir Luther tot 'n heldhaftige daad beweeg het en 'n Calvyn met insig en werkywer seën; toe Hy 'n vlam van herlewing dwarsoor Europa laat ontbrand het. Duisende Christene is in reaksie weens hulle geloof om die lewe gebring. Hulle het geword Psalmsingende belyers, Psalmsingende martelare, Psalmsingende stryders... Kom herinner jouself opnuut aan ons kosbare Protestanste erfenis en onthou opnuut wat die kerkstryders soos Luther, 500 jaar gelede opgeoffer het, sodat ek en jy vandag o.a. ons eie Bybel in die hand kan vashou en ons geloof in Christus kan bely. Beleef en ervaar die kerkgeskiedenis in 'n Kaleidoskoop van menslike emosie wat wissel van twyfel, verwarring, angs, smart, wanhoop, hoop, blydskap en vreugde deur *UIT DIEP VAN DONKER NAGTE*.

Moenie die unieke produksie ter viering van die Reformasie misloop nie!

Kaartjies verkoop nou vinnig uit en beloop R80, R120 of R180 afhangende van die sitplek. Bespreek vandag nog by https://tickets.tixsa.co.za/event/udvdn (sien aanwysings aangeheg) of **kontantverkope** Sondae en Woensdae 10:00-11:00 by GK Centurion se kerkkantoor (Louisa van der Walt: 082-576-0692).

Maak seker dat jy nie uitmis nie...

**Wanneer**: 25, 26, 27, 28 Oktober 2017
**Tyd**: 19:00 vir 19:30 – 22:00
**Waar**: GK Centurion, Basdenlaan 226, Lyttelton,
**FB-blad:** @uitdiepvandonkernagte

### Kerkkantoor se nuwe e-posadres

Neem asb kennis dat die kantoor tans besig is om sy ou e-posadres uit te faseer.

Nuwe e-posadres:
**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**




### GKA gaan kuier by Lorypark Dieretuin

**Wie:** Laerskoolkinders en hulle gesinne
**Wanneer:** 28 Oktober 2017
**Tyd:** 10:00 – 14:00
**Waar:** Midrand
**Koste:** R100 per volwassene
(Sluit toegang & boereworsrol in)
Kinders van ons gemeente gratis, R70 per kind vir maats wat saamkom
Bring piekniekkombers, peuselhappies en eie koeldrank saam
**RSVP: Erna Olivier teen 20 Oktober (0823322 118/ ernao@solidariteit.co.za)**

### Lentedag, 12 Oktober 2017

Die Silwerkrone van **GK Lyttelton** hou hulle Lentedag byeenkoms op Donderdag, 12 Okt om 10:00 te GK Lyttelton. Alle belangstellendes word uitgenooi na die optrede van Manuel Escorsio. Die toegangsfooi vir besoekers is R30pp. Indien u sou belangstel om die oggend saam met ons deur te bring, kontak die Voorsitter, Jan Plomp (0847674880) of die Skriba, Eric Oosthuizen (0834586444). Besprekings sluit Vrydag, 6 Okt 2017. Kom geniet die oggend saam met ons!!!!

## Saam in God se groot oes - Sendingkonferensie

Gereformeerde Kerk Centurion
Saterdag, 4 November 2017
Koste R50
Vooraf registrasie kan gedoen word via https://goo.gl/forms/Fw94udnbB3dslRni2
Navrae en RSVP gksasending@gmail.com

## REFORMASIE KUNS EN LETTERKUNDE KOMPETISIE

Graag wil ons net almal herinner van die Reformasie Kuns en Letterkunde kompetisie.

Hierdie kompetisie word aangebied in samewerking met Uit diep van donker nagte produksie wat plaasvind in Oktober.

Ons wil graag almal aanmoedig om in te skryf, geskenkbewyse asook ander pryse kan gewen word.

Sluitingsdatum is die 10de Oktober, wenners word die 28ste Oktober na die laaste produksie van Uit diep van donker nagte, aangekondig.

Vir meer inligting kontak gerus Marlize by Fontein Uitgewery by 012 332 2557 of besoek ons webblad by www.fonteinuitgewery.co.za en volg die skakel vir kompetisies.

## Senior Aksie

Die Senior Aksie vergader weer Maandag, **9 Oktober 2017** in die kerk. Ds Maarten gaan ons vertel van die toer na Israel. Ons het dan 'n spesiale verassing met die laerskoolkoor wat vir ons kom sing.

Alle lidmate bo 65 word uitgenooi om by ons aan te sluit. Ons vergader gewoonlik die eerste Maandag van elke maand van 10:00 af. Ons jaargeld is R75 per persoon per jaar.

Lidmate wat nou wil aansluit sal R50 per persoon moet betaal. Kom gerus en geniet die res van die jaar se program.

**November 24 —** Jaar afsluiting met uitstappie na Rietsvleidam waar ons heerlik gaan braai en kuier. Die tyd is van 11:00 tot 14:00.

Nuwe lede is altyd baie welkom

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**8 Oktober**
A01 Elize van der Berg
A02 Esther Hoffman



## VAKANTE POS BY DIE KERKKANTOOR

Die kerkkantoor beskik oor 'n 2 dae per week halfdagpos (Dinsdag en Vrydag), vir 'n administratiewe beampte.
Die verantwoordelikhede van die pos behels die volgende:

Algemene administratiewe- en instandhoudings- take vir kerkraad, predikante en kerkkantoor.

Die volgende vaardighede is 'n vereiste vir die pos:

- Kommunikasie
- Interpersoonlike vaardighede
- Tik
- Organisering
- Administrasie
- Rekenaarvaardighede — Publisher, Excel, Word, PowerPoint

Die aansoeker moet 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk Centurion wees, indien nie, bereid wees om lidmaat te word van dié gemeente.

Posaanvaarding—1 Nov 2017.

CV's kan tot 20 Oktober 2017 gerig word aan Ellouis Jv Rensburg kerkkantoor@gkcenturion.co.za. Ek is telefonies beskikbaar vir navrae Maandae tot Vrydae tussen 08:00 tot 13:00 by 012 664 2614.





## *VERJAARSDAE*

*"God is vir ons..." Rom 8:31*

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 Okt | Johan | Jordaan | B10 | 654 3377 |
| | Helga | Meyer | C06 | 667 1463 |
| | Pieter | Smit | C05 | 644 1466 |
| | Elma | Smith | A10 | 664-5021 |
| | Leandre | Struwig | C04 | 082 688 7495 |
| 2 Okt | Andries | Botha | C03 | 082 885 6410 |
| | Le-Juan | Delport | B17 | 074 409 9649 |
| Okt | Ernest | Bornman | E01 | 082 063 2564 |
| | Cobus | de la Porte | A12 | 082 379 8533 |
| | Izak | Erasmus | B09 | 072 233 5205 |
| | Elize | Kruger | B19 | 079 521 4861 |
| 4 Okt | Santie | Coetzer | B09 | 082 602 0674 |
| | Elizabeth | Holdt | B10 | 082 551 1989 |
| | Bokkie | Prinsloo | B13 | 348 8966 |
| 5 Okt | Gert | de Klerk | A13 | 664 2125 |
| | Bauke | Dijkstra | A02 | 664 4508 |
| | Marlie | Maree | C02 | 073 254 9266 |
| | Lené | vd Walt | C02 | 060 569 2608 |
| 6 Okt | Zinette | Cronje | C05 | 082 784 8556 |
| | Elmien | de Klerk | B11 | 653 4336 |
| | Casper | Kruger | A11 | 082 487 1413 |
| 7 Okt | Helena | de Beer | A07 | 664 2876 |
| | Rassie | Erasmus | C01 | 082 574 9804 |
| | Rika | Kruger | B06 | 664 1847 |



***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 Okt | Byron | Brands | E01 | 666 7392 |
| | Christiaan | Gildenhuys | C13 | 082 788 4169 |
| | Stefanus | van Staden | A15 | 654 1851 |
| | Ruzell | Vorster | B06 | 064 759 9366 |
| 3 Okt | Paul | Coelho | C07 | 082 331 8622 |

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (0126635955) centurionflorist@discovery mail.co.za. Susters kan hul bydraes vir die doel voor in die Susterskas by die hoofingang plaas.

**Dringend** op soek na vaste betrekking - gekwalifiseerde elektrisiën sedert 1985 en sedert 1996 in die boubedryf. Ondervinding in elektriese-, hout-, loodgieter-, verf-, bou-, teel werk, ens. Rassie 082 895 0967

**Hoop & Help Life Coaching en Pastorale Berading**, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, Trauma, Verhoudings, Besighede, Studente en Leerlinge almal welkom.

**Kombuise– en Gasinstallasies**- Ons is gekwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as gesertifiseerde LP GAS installeerders; ons spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en installering van nuwe kombuise sowel as restourasie dmv verf tegnieke. W vd Walt 0823086238; werner@bwinteriors.co.za of Meryke Deetlefs 0844445443; meryke @mery-d.co.za

Gemeubileerde **Eenman woonstel te huur** in Clubview Centurion miv 1 Nov '17. R3 500 pm water ingesluit, elektrisiteit uitgesluit. Geen troeteldiere. Engela 0833769541.

**Professionele Tikwerk**, transkripsies, verhore, regsdokumente ens. Tillie 082753 0525.

Die **Gereformeerde Kerk Brooklyn** nooi alle **matriekleerders** en hul ouers uit na ons matriekaand op Sondag 15 Okt. Ons erediens begin om 18:30. Ons studentebediening wil graag aan al die 2017 skoolverlaters vertel van die heerlike studenteaktiwiteite soos kampe, uitreike, kuiers en vele meer. RSVP voor 11 Oktober by ons kerkkantoor 012 362 6009.

## Geestelike Opbou

Die sosiale media in die lewe van 'n gelowige.
DV Sondagaand 15 Oktober na die aanddiens.

